**MENSEREGTEBELEID**

(goedgekeur deur die Direksie op 19 April 2006)

**Inleiding/Voorrede**

Monsanto is verbind tot die beskerming en bevordering van menseregte. Ons menseregtebeleid word deur die Universele Verklaring van Menseregte gelei, wat die algemeen bekendste definisie van menseregte voorsien asook die verantwoordelikhede van nasionale regerings, en Die Internasionale Arbeidsorganisasie se Verklaring oor Fundamentele Beginsels en Regte by die Werk.

Die Monsanto-menseregtebeleid is stewig gevestig in ons Belofte en die waardes se raamwerk wat dit vir ons sake verskaf. Die beleid werk tesame met en is wedersyds ondersteunend van ons Sakegedragskode; die Monsanto-fonds; ons produkrentmeesterskap-programme; ons wêreldomgewing; veiligheids- en gesondheidsbeleide en prosedures; en ons omvattende regulerende nakomingsprogram. (Inligting oor hierdie programme en beleide is beskikbaar op die Monsanto-webtuiste en in die elektroniese Monsanto Maatskappy Belofte-verslag.) Monsanto het daarbenewens omstandighede in die ontwikkeling van hierdie beleid oorweeg wat uniek is tot boerdery en die landboubedryf, insluitende seisoenproduksie.

Ons dryf handel op ’n etiese en verantwoordelike wyse wat die beskerming van menseregte ondersteun en respekteer. Ons sal poog ten einde onsself met vennote te vereenselwig en met hulle handel te dryf wie streef na die gedrag van hulle sake tot etiese standaarde wat met hierdie beleid ooreenstem. Ons sal ons sakevennote versoek om hul verbintenis tot die vervulling van die onafhanklike elemente en verwagtings, soos beskryf in hierdie beleid, aan hul werknemers te kommunikeer en om die nodige stappe te neem ten einde hul sakegedrag aan hulle te bevestig. Monsanto kan versoek dat 'n sakevennoot sy of haar begrip van en nakoming met die elemente en verwagtings bevestig wat in hierdie beleid uitgelig word. Monsanto kan stappe neem wat as noodsaaklik beskou word, insluitende versoeke vir inligting of inspeksie deur Monsanto of ons aangewese persoon, om te monitor of te bevestig dat 'n sakevennoot sy of haar optredes in ’n wyse doen wat met hierdie verwagtings ooreenstem.

Die bestuur sal die maatskappy se implementerings- en moniteringspogings bepaal ten einde hierdie beleid na te kom en ons verbintenis tot sy voortgesette verbetering bevorder. Ons sal ons verbintenis tot samespraak en aktiewe deelname in die poging om menseregte te bevorder, voortsit. Hierdie beleid sal aan alle werknemers, verkopers en die publiek beskikbaar gestel word.

**Kinderarbeid**

Monsanto sal geen vorm van uitbuitende kinderarbeid duld nie, soos bepaal in die Internasionale Konvensie vir Arbeidsorganisasie 182, Artikel 3 (Ergste Vorms van Kinderarbeid). Ons sal vervolgens toepaslike plaaslike, staats- en nasionale wette naleef aangaande die indiensname van minderjariges. In daardie omstandighede waar minderjariges wettig in diens geneem kan word, sal ons optree ten einde te verseker dat sodanige indiensname nie met die opvoedkundige geleenthede van die kinders inmeng nie. Verenigbaar met ons veiligheids- en gesondheidsbeleide en prosedures, sal ons nie jong werkers aan situasies in die werkplek blootstel wat waarskynlik hul gesondheid of veiligheid in gevaar sal stel nie.

MONSANTO
imagine™

**MENSEREGTEBELEID VERVOLG**

**Dwangarbeid**
Monsanto sal nie betrokke wees in die gebruik van kontrak-, slaaf-, lyfeiene- of ander gedwonge, onwillekeurige arbeid nie. Monsanto verwerp lyfstraf van enige soort.

**Vergoeding**
Monsanto sal lone betaal wat aan die wetlik vereiste lone voldoen of dit oorskry of, waar geen loonwet bestaan nie, die plaaslike bedryfstandaard.

**Werksure**
Monsanto sal voldoen aan toepaslike plaaslike, staats- en nasionale wette en bedryfspraktyke met betrekking tot werksure.

**Teistering en Geweld**
Monsanto is verbind tot ’n werksomgewing wat vry van teistering is, gebaseer op wetlik beskermde eienskappe. Enige soort geweld of dreigement van geweld in die werkplek sal nie geduld word nie.

**Diskriminasie**
Monsanto bestraf en verbied diskriminasie teen enige persoon in enige term, toestand of voorreg van indiensname as gevolg van ras, kleur, geloof, geslag, ouderdom, nasionale oorsprong, gestremdheid, veteraanstatus, seksuele oriëntasie of enige ander eienskap wat onder toepaslike arbeidswette beskerm word.

**Veiligheid**
Monsanto se verbintenis tot 'n werkplek wat veilig en gesond is en handelwyses wat omgewingsvolhoubaar is, word spesifiek in ons wêreldomgewings-, veiligheids- en gesondheidsbeleide en prosedures uiteengesit.

**Vryheid van Assosiasie**
Monsanto erken en respekteer werknemers se regte en vryheid om by organisasies van hul eie keuse aan te sluit al dan nie, om vrylik te assosieer en gesamentlik te onderhandel. Die maatskappy sal, in daardie situasies waarin die reg tot vryheid van assosiasie en gesamentlike onderhandeling volgens die wet beperk word, oop kommunikasie en direkte handelswyse tussen werkers en die bestuur fasiliteer. Geen werker sal onderworpe wees aan afdanking, diskriminasie, teistering, intimidasie of vergelding ten gevolge van hul lidmaatskap in ’n wetlike werkersvereniging of unie nie.

**Wettige Nakoming**
Monsanto sal minstens aan toepaslike plaaslike, staats- en nasionale wette voldoen aangaande menseregte en werkersregte waar die maatskappy sake doen.